

RIKU EN JACKIE LÄTTI SE WASGOEDLYN

Op pad na hul huis in die Strand, ry jy verby woonstelblokke met name soos Blinkwater, Oranje en Welgelegen. Kronkel-kronkel in die rigting van klank, agter die musiektownaars aan tot in die huis waar soveel musiekante al kom saamsnoer het. Riku Lätti is deur berge en dale sedert sy dae as filosofiestudent aan Wits. “Ek het nooit bedoel om musiek te maak nie en wou in die akademie gaan.”

Maar ’n mens vermoed dat genetika sy behoefte om heeltyds ’n orkes aan die gang te hou bepaal het. Sy Estoniese voorsate was musikante, en hoewel musiek vir sy ma verpligtend was, het sy haar kinders laat begaan.

“My fokus was nog altyd om iets nuuts te probeer skep. Ek het nog nooit in ’n cover band gespeel nie, en dit is ook wat ek probeer doen met Die Wasgoedlyn.”

Hy gaan soek mense wat hul eie musiek maak, outentieke klank, nie iemand wat Maria Callas foutloos nadoen nie. “Ek is in ’n konstante staat van halfpad gereed om musikante te ontmoet. Jou lamp moet net vol olie wees.”

Die Wasgoedlyn het sewe jaar gelede ontstaan met opnames vir ’n TV-program in die Bosveld, en die klankies van die veld vloei toe sommer mee as ingenooide musikant.

“Wasgoedlyn is soos ’n *instamatic* klankfoto, druk die opnemer



en dan is dit ’n foto van ’n stukkie tyd wat werklik was, met sy skete en afbeentjies, die resultaat eintlik meer perfek as die stukkie waaraan jy hard getimmer het.”

’n Lang lys produksies en toekennings getuig van Riku se vaardigheid en toewyding, onder meer ’n SAFTA vir klankontwerp vir *Die Wonderlike Avonture van Hanna Hoekom* en die klankbaan van Jans Rautenbach se flik *Abraham*. Sy diskografie beslaan tien uitreikings, insluitende Wasgoedlyn se twee volu-



VAN LINKS: RIKU EN JACKIE LÄTTI VAN WASGOEDLYN, FRAZER EN DENIEL BARRY VAN TRIBAL ECHO, FRAZER EN DENIEL BARRY SAAM MET HUL SEUN NOAH EN JOLYN PHILLIPS, WOORDBREKER VAN BLOMPARK.



voer op die meeste radiostasies, maar “wanneer iemand ’n deur toemaak, maak ons ons eie deur oop”, sê Jackie.

mes, waarvan die nuwe reeks binnekort op televisie sal wees. Dit sluit nuwe musikante soos Benjamin Voete, Jolyn Phillips en Brian Cloete in, asook ’n terugblik op ouer, meer gevestigde kunstenaars soos Stef Bos, Frazer Barry, Anton Goosen, Laurinda Hofmeyr, Valiant Swart en David Kramer. Frazer Barry se “Dans in die Reën” op *Wasgoedlyn II* is vir hom soos ’n klein, egte Leonardo, waarvan hy niks wil wegvat nie. Ook David Kramer saam met Churchil Naudé. “As ek geleef het net om daardie twee stukkie musiek saam te bring sou dit genoeg wees.”

Riku en Jackie het mekaar ses jaar gelede by Trumpet Tree in Stellenbosch ontmoet. Sy het van kleins af chronies gesing, gedigte en stories geskryf en haar sibbe tot trane gedryf met haar vervolghere elke aand voor bedtyd. Dié fassinerende vrou, wie se maan-ouma in die Langkloof geleef het (sy het Jackie deur haar stories bewus gemaak van die magiese elemente van die land gereis. Iewers langs die pad het sy haar liefde vir Afrikaans verloor maar toe weer gekry. Deesdae is haar stem ’n lint aan die punt van Riku se lang vlegsels.

In die huis van meelewendheid woon ook Jackie se twee dogters, Niki en Robin, en kleinseun Gabriël. Riku se dogter, Lia Luna Li, kom ook gereeld kuier. Gabriël en Lia het begin om op die mure te teken en almal help saam inkleur - ’n mens sou sweer jy is by Koning Leeu se partytjie. “Ons het ’n vol huis en dit is ’n chaos, maar ’n lekker chaos.” Jackie kook vir die musikante wanneer hulle met opnames besig is, sommer vir twaalf mense op ’n slag: hoender, kerriekos en bolognaise ...

Hulle gesels oor die uitdagende bestaan van soveel musikante en Riku se drif slaan deur wanneer hy praat oor die negatiewe effek van die formaat van Afrikaans se gestandaardiseerde popmusiek, waarvan 60% van die liedjies uit Europa ingevoer en vertaal word. Dit is ongelukkig die soort musiek wat die botoon

FRAZER EN DENIEL BARRY SE STAMKLANKE

Op Keimond, aan die voet van die Palmietberge - waar tonge klap soos musiek - daar kry jy Tribal Echo se klipkop-rockers, Frazer en Deniel Barry. Dis uit hierdie aarde waar die eklektiese rootsmusiek van albums soos *Grafte op die Vlakte* en *Onner Afrika Son* ontstaan het.

“Ja, ek is uit die grond uit,” sê Frazer. “Ek glo ek is Khoi, die oseaan bly die oseaan maar die riviere en reën vloei daarin en gee karakter en voeding daaraan, ek is hier gekry tussen Asiatiese en Europese strome.”

Sy oupa was die nasaat van ’n Mosambiekse skipbreukeling aan boord van die slaweskop Saõ José, en sy ouma ’n Skotse nooi met blou oë.

“Almal in my familie het verskillend gelyk. En jy raak groot met daardie prentjie.”

Toe hulle weer sien, is hulle deur die Groepsgebiedewet geskuif - van die see na die berg toe. “Maar daar was musiek, en elke naweek is daar *ge-jam*.” Die eerste rock ’n roll-groep in Kleinmond het sy ontstaan aan sy oom Koos te danke.

Deniel kom van Grabouw, amper om die hoek. Haar ma, Allen, het haar en haar broer leer dans en sy het haar hoërskoolpad deur danskompetisies oopgedans. Vlerksleep was aan die hand van klank: “As Frazer vir my kom kuier het, dan kom kuier hy met Ant Grietjie se musiek - in Afrikaans.”

Vandag is sy die koelkop dromspeler vir Tribal Echo. “Dromme was nog altyd iets wat ek wou doen, van kleins af wou ek als met lepels bykom.”

Albei van hulle was jare lank betrokke by gemeenskapsontwikkeling en Frazer was ook deel van ’n proaktiewe groep wat bendes

Klinkklaar AFRIKAANS

’n Jonger geslag skeppende moedertaalsprekers maak klanke en woorde vir ’n brawe nuwe wêreld

Deur LIEN BOTHA. Foto's deur LIEN BOTHA

en dwelms uit hul woonbuurt gehou het.

“Ons het die laaities wat die dwelms moes versprei, uitgesmokkel en die ringkoppe gekonfronteer sodat hulle nie ’n houvas hier kon kry nie. Jy bevriend hulle en dan werk jy van binne af.”

Nou se dae word Tribal Echo se musiek in die tronke gespeel as deel van rehabilitasie!

Sedert hul seun, Noah, se geboorte agt jaar gelede, werk hulle aan balans. Op grond van hul ervaring het hulle ander jong mense in die Overberg help mentor en met OEPS (Ons Eie ProduksieS) wil hulle nuwe talent soos Benjamin Voete help ontwikkel, maar “ons moet versigtig met hom loop – die ryloper van die ondergrondse rymklets-wêreld”.

Tribal Echo ontplooi strykdeur en bestaan tans uit Frazer, Deniel, Sandy Gertse, Earl Witbooi en Karen Hess. Luister na “Mnr van Wyk” op die *Onner Afrika Son*-album en jy hoor ’n leeu brul. Frazer ontgin klanke - soortgelyk aan die Mongoolse keel-sangers wat klink na een geluid, maar eintlik wisselende stemme is. Jy hoor van ’n voëltjie tot ’n beer, amper soos wat die Khoi diereklanke nageboots het.

Die groep het baie ysters in die vuur en tree gereeld by verskeie kunstefeeste op waar hul projekte skitter. In 2016 het hulle die Woordfeestrofee ontvang vir deelname in *Kó, lat ons sing*, waarvoor Frazer Adam Small se gedigte getoonset het.

“Oom Adam het my verryk, die ritme van sy *poetry* - dis rock ’n roll, kerkliedere, ghoema; dan kom jy agter hoe wyd sy inspirasie loop!”

Deniel en Frazer was ook deel van die musiekproduksie *Die Riel van Hip-Hop* wat in 2017 ’n Fiësta gewen het.

By die afgelope KKNK het *Lepeltjie vol Snare* saam met oom Hannes Coetzee gewys waarom oom Hannes een aand ná ’n vertoning vir Frazer trompop geloop en as “erfgenaar” van sy musiek geïdentifiseer het. *Lepeltjie vol Snare* het ’n Kanna gewen vir Beste Musiekproduksie. Tans is Frazer druk besig met repetisies vir ’n Nederlandse produksie oor *Krotoa, Eva van de Kaap*, geskryf deur Sylvia Vollenhoven en onder leiding van Basil Appollis.

Hoe hou hulle alles bymekaar? “Ons hou dit nie bymekaar nie.” Hulle lag en Frazer begin speel op een van sy tuisgemaakte instrumente. Dit klink soos ’n ou ramkietjie wat oor die Karoo-vlakte se bossies en bakkies ween.

“Afrika, nè?”

JOLYN PHILLIPS, WOORDBREKER VAN BLOMPARK

Op die dag van ons onderhoud reën dit dat die biesies bewe. Die meenthuis in Groenpunt waar sy tans woon, is amper weggesteek. ’n Deur gaan oop en die skrywer van *Tjieng Tjang Tjerries and Other Stories* en *Radbraak* skyn in die deur soos ’n bietjie son.

Jolyn Phillips, gebore en getoë in Blompark, Gansbaai is deesdae ’n gesoute pendelaar tussen

Kaapstad en die UWK, waar sy tans ingeskryf is vir haar doktrale studies.

Maar haar pad tot hier is oopgekap uit gedigte waarin sy moes beitel aan gebreekte ballades; kronieke van ’n plaasjapie in die stad; en die dop-system se *merry-go-round*.

“Eintlik is my tong ’n klomp tonge deurmekaar. Ek moes vrede maak met die Afrikaans wat ek het en dit was ’n wonderlike vryheid. ’n Mens praat dit, maar wanneer jy meer daarvoor begin lees, besef jy wat hierdie jong taal al deurgemaak het; die sestigers wat hulself vry moes skryf om ’n landskap oop te skryf vir jonger skrywers soos ek.”

In die (oop)breek van haar moedertaal het sy ’n estetika gesoek en dit was vir haar ’n wonderlike reis. Jolyn kom uit ’n leesfamilie, ’n Dërra ... “die gebundelde man wat seine gooi” en wie se “hart ensiklopedie”. Selfs by ’n kennisgewingbord talm sy en lees die woorde “dit maak nie saak waar ek is nie, die woorde sal vir my sê waar om te gaan”.

Oor haar groeiproses en mentors vertel sy van juffrou Hans by Hoërskool Emil Weder wat aan die einde van haar matriekjaar vir haar gevra het: “Poplap, wat gaan jy met jou lewe doen?” Jolyn was van plan om by die deli te gaan werk maar juffrou Hans het ’n aansoek by UWK aangemoedig. “Sy het vir my gesê as jy ’n verskil wil maak in jou familie se lewe, moet jy eers ’n verskil in jou eie lewe maak.”

By UWK het Meg Vandermerwe “vir my ’n kans gegee”. Ook haar uitgewers Colleen Higgs en Nelleke de Jager word vermeld as mense wat haarfyn met haar woorde gewerk het.

Bevestiging van haar talent en toewyding het in 2014 in ’n Mandela Rhodes-beurs gemanifesteer, asook ’n NIHSS-prys vir *Tjieng Tjang Tjerries* (2018) en die UJ-prys vir *Radbraak* (2018). Joan Hambidge verwys na haar gedigte as “bokvet in die palm”, en Jolyn se stem laat resensente sing.

Klank bring haar by Die Wasgoedlyn. “Ek het gehou van toe Afrikaanse musiek digkuns was, en toe ek Riku se musiek hoor, het ek gedink dis hóé musiek moet klink. Een jaar by die Woordfees het ek met Riku gaan kennis maak. Hy was so tegemoetkomend, en toe gaan *record* ek by hulle huis met my kitaar.”

Jolyn voel Wasgoedlyn is ’n argief van die land. “As jy wil hoor hoe die land op die oomblik klink, gaan luister na Wasgoedlyn.”

Juffrou Hans se “poplap” van Gansbaai wat in 2008 met R500 in haar sak in die Kaap aangekom het sonder om te weet waar sy gaan bly, het ’n moeilike, maar lonende pad geloop tot hier. Sy dink daar is ’n ding wat met ’n mens gebeur as jy na ’n plek kom wat nie aan jou behoort het nie.

“Nog nooit het iemand in my familie dié roete gevolg nie, maar maak nie saak waar ek in die wêreld is nie, ek kan Gansbaai saam met my vat - die hele plek het my grootgemaak. ‘Tong-trilogie’ is die vers wat ek vir myself gelos het om myself te vind. As ek teruggaan, gaan ek altyd na daai vers toe.” **rr**

• Jolyn Phillips, Riku en Jackie Lätti van Die Wasgoedlyn, asook Frazer en Deniel Barry van Tribal Echo sal almal op 22 en 23 September deelneem aan Het Festival voor het Afrikaans (voorheen Afrikaanse Kulturfes, Amsterdam) in Vlaams Cultuurhuis de Brakke Grond in Amsterdam.